

Inhoudsopgawe

Inleiding	9
DEEL EEN	
Duisternis	15
HOOFSTUK 1	
Waar alles begin het	17
HOOFSTUK 2	
Tot siens, God	27
HOOFSTUK 3	
Gee alles weg	40
HOOFSTUK 4	
'n Ander soort AA: verslaaf aan aandag	64
HOOFSTUK 5	
Op 'n ramp afstuur	76
HOOFSTUK 6	
Desperaaf om te behoort	88
HOOFSTUK 7	
Dans met die dood	96
DEEL TWEE	
Lig	101
HOOFSTUK 8	
Ek voel tuis	103
HOOFSTUK 9	
'n Nuwe lied	112
HOOFSTUK 10	
Babatreë	126
HOOFSTUK 11	
Hoe lyk anders?	137
HOOFSTUK 12	
Genadegefulde seks	149
HOOFSTUK 13	
Begin van voor af	154
HOOFSTUK 14	
Deur my spieël	171
HOOFSTUK 15	
Iets om in te glo	190
HOOFSTUK 16	
Steen vir steen	201
HOOFSTUK 17	
Van hier tot daar	209

Inleiding

*Welkom by my.
Ek gaan al my geheime onthul.*

HALLO, EK HOOP jy luister ...

Ek sit in die Austin-lughawe, besig om heeltemal te veel duur sjokolade te eet, alles as gevolg van PMS, en ek wonder hoe ek ooit 'n boek vir tienermeisies sal kan skryf. Die onderwerpe lyk te veel en te grafies om regtig diep daarin te delf, en tog het ek 'n intense begeerte dat tieners 'n bietjie meer waarheid moet inkry saam met al die ander boodskappe wat op 'n daaglikse basis gestuur word.

Hierdie droom het begin toe ek amper twintig was en die somer by 'n Christelike jeugkamp gewerk het. Ek het toe pas uit die donker wêreld van drank en ouens gekom, en ek het besef my storie stem ooreen met so baie ander tieners s'n. Toe ek my storie met die tieners by die kamp gedeel het, het hulle dit ingeneem, hulle het dit verstaan. Dis toe dat dit my getref het – my storie is relevant, want dit is die storie van lewe ná 'n stryd. Dit is die storie van wat gebeur wanneer God uitreik na ons en ons red. Ek het werklike worsteling ervaar en anderkant uitgekóm om die storie te vertel. Dit

het dus my doel geword: Om net 'n storie te vertel – 'n storie wat vir tieners iets beteken.

Vir so baie tieners is hoërskool 'n warboel van slegte besluite, gevolg deur universiteit of kollege, wat 'n groter warboel van slegte besluite is (maar dit verg nie jou ouers se toestemming nie) en dan word jy in die wêreld uitgespoeg. Uiteindelik word ons almal wakker en besef ons het 'n Redder nodig. My idee agter hierdie boodskap is dat jy nie so lank hoef te wag tot jy besef hoe groot jou nood is nie. Ek hoop en bid dat die waarheid harder sal praat as die leuens wat die wêreld jou voer.

Hoe jonger jy is, hoe groter is die afleidings. Dis hoekom dit ons lank neem om te besef hoe baie ons God nodig het. Daar is so baie dinge wat ons gedagtes van Hom af weglei: tegnologie, sosiale media, TV, films, boeke (maar natuurlik nie hierdie een nie!). Met so baie verloklike afleidings kan dit jare duur voordat jy besef hierdie dinge sal jou nie gelukkig maak nie, en die volgende ding sal ook nie, en die volgende ding ook nie.

Wat ek nooit besef het toe ek jonger was nie, en wat ek hoop om nou te onthul, is dat die besluite wat jy neem wanneer jy sewentien is die manier vorm waarop jy die res van jou lewe sal leef. Die persone saam met wie jy slaap, sal vir altyd in jou hart wees. Die verslawings wat jy op vyftien vorm, sal nie weggaan op jou vyf-en-twintigste verjaardag nie, en 'n mens ruk nie jou lewe met die swaai van 'n towerstaf reg nie. Ek wens iemand het dit vir my vertel. Ek hoop dat hierdie bladsye gevul is met dinge wat jy gewens het iemand vir jou vertel het.

Dit was moeilik vir my om te sien dat ek God nodig het. Toe ek sestien was en al my vriende gedrink het, was dit

maklik om te dink: *Waarom moet ek nie?* Toe ek sewentien was en al my vriende seks gehad het, en gelyk het of hulle regtig verlief is, was dit maklik om te dink: *Waarom moet ek nie?* Daar was talle redes waarom ek gedink het ek nie vir God nodig gehad het op hoërskool en universiteit nie: My lewe was gevul met afleidings wat Hom eenkant toe geskuif het, en Hy het my gevra om dinge prys te gee wat baie aantreklik gelyk het. Hy het my gevra om dinge te weier wat lekker gevoel het, lekker gelyk het en lekker gesmaak het.

God vra nog steeds baie van tieners. Hy vra hulle om anders te wees, en om vir die meeste vyftienjarige meisies te vra om anders te wees, is soos om hulle te vra om 'n baard te groei.

Die waarheid is dat baie dinge bloot afleidings is, en bedoel is om ons vir 'n rukkie gelukkig te maak totdat die volgende "nuutste en beste" gier verskyn. Ek is 'n groot aanhanger van die iPhone. Ek is dol oor my iPhone, maar ek weet sodra Apple die volgende generasie iPhone gaan bekendstel, sal ek dit waarskynlik "nodig hê". Die lewe se afleidings is dinge wat ons vir 'n rukkie gelukkig maak sodat ons nie besef hoe ongelukkig ons werklik is nie. Ek is nie gekant teen tegnologie nie, ek is nie teen vooruitgang nie en ek is nie teen Apple nie. Ek is teen hierdie dinge wat ons aandag aftrek van ons behoefte aan 'n verhouding met ons Skepper, 'n behoefte om in wording te wees, 'n behoefte aan menslike kontak en 'n behoefte om vervul te word met iets wat groter is as wat hierdie wêreld kan bied.

Ek hou daarvan om 'n *app* vir alles te hê en ek blameer nie die samelewing se probleme op Facebook nie. Ek sê net afleidings maak die lewe vir ons moeiliker. Dit is moeiliker om weg te kom, moeiliker om te konsentreer en moeiliker

om ons aandag te kry. Waarom? Want álles wil ons aandag hê.

Daar is soveel om te doen, so baie dinge om mee te speel, e-posboodskappe om te lees, video's om te kyk, musiek om na te luister. Wanneer laas het jy 'n paar minute lank in stilte gesit? Dit voel vreemd. Ons word voortdurend omring deur video's, musiek en mense. Geen wonder aandagafleibaarheid en hiperaktiwiteit is meer algemeen as ooit tevore nie; niemand hoef langer as dertig minute te konsentreer om alles te leer wat hulle moet weet nie. Jy moet eintlik omtrent aandagafleibaar en hiperaktief wees om by te hou by die samelewing. Wanneer ek bestuur, doen ek altyd ten minste twee dinge (jammer, Ma): ek eet terwyl ek bestuur, kyk na my foon, praat met 'n vriendin en kyk terselfdertyd heeltyd na my GPS. Die afleidings is oral – hoe kan God deur al die oorvloed media breek?

Ek probeer 'n geruime tyd al hierdie vraag beantwoord. Toe ek 'n Christen geword het, het ek die skade gesien wat vier jaar van partytjie hou aangerig het, en ek wou vir meisies iets gee om hulle te help om hul pad deur die lewe te vind. Ek wou die boodskap oordra dat hoop aan die ander kant van die pad wag. Om deur hoërskool jou weg te vind, is soos om met 'n flits deur 'n woud te stap – jy kan net so ver vooruit sien. Ek was daar, en ek kan dalk 'n bietjie ekstra lig werp op jou pad. Ek kan jou dalk keer voordat jy jou vas-ketting aan keuses waarmee jy die res van jou lewe sal moet saamleef.

Ek kry die gevoel mense gee dikwels op om na die jonger generasie te probeer uitreik, en hoop om hulle te bereik wanneer hulle eendag ouer is en nie meer met hulle issues sukkel nie. Vir my het dit baie waar gevoel. Dit het nie ge-

voel of baie mense (buiten my gesin) my wou liefhê waar ek was nie; hulle wou hê ek moes verander voor hulle bereid was om uit te reik na my. Wel, deel van die rede waarom ek hierdie boek skryf – die hoofrede – is dat ek jou wil help terwyl jy nog worstel met wat jou ook al gevange hou. Ek wil vir jou 'n boodskap van hoop stuur in van die donkerste dae van jou lewe, want om die rigting van jou lewe op hierdie oomblik te verander, is dalk net wat hierdie wêreld nodig het.

Gewoonlik beteken hoërskool elke groot oomblik in jou verandering van kind na volwassene: eerste soen, eerste motor, eerste motorongeluk, eerste liefde en die eerste keer wanneer jy moet besluit wie jy is. Op hoërskool beweeg jy so ver van jou ouers af weg soos jy kan terwyl jy steeds onder hulle dak woon, en jy probeer die lewe op jou eie aandurf. Dit is 'n probeer-en-fouteer-proses wat tipe A-persoonlikhede met vlieënde vaandels slaag, maar mense soos ek ... wel, ons misluk klaaglik, en dank die Vader dat sy genade volop is.

Ek wil hierdie boek skryf met die soort volkome eerlikheid wat mense ongemaklik maak. Dit kan dalk vreemd klink, maar tot ons absoluut eerlik is oor belangrike kwesies, sal ons nie weet hoe om hulle aan te pak nie. Dit beteken ek gaan baie diep persoonlike goed in hierdie boek skryf, en ek hoop jy kan uit sommige van my foute leer.

As jy selfs net 'n bietjie soos ek is, sal die versoeking groot wees om my verkeerd te bewys, om te bewys jy kan doen wat ek gedoen het sonder om in 'n afwaartse spiraal te beland. Ek hoop jy gaan nie probeer nie. Hoewel jy dalk gelukkig kan wees en met net 'n paar diep snye anderkant uitkom, is daar 'n moontlikheid dat jy nie so gelukkig gaan

POPULÊR

wees nie. Ek het al baie begrafnisse bygewoon van mense wat nie die luukse van 'n tweede kans gekry het nie. Ek het al gesien hoe vriende vir rehabilitasie gaan en veg om die kettings van verslawing te breek, en ek het gesien hoe ander glad nie kan losbreek nie. Ek hoop dus jy gaan nie probeer om my verkeerd te bewys nie. Ek hoop jy sal deur my storie sien wat ek op die harde manier moes leer: Ons het almal 'n Redder nodig.

DUISTERNIS

WAAR ALLES BEGIN HET

EK IS MEER as duisend kilometer van my tuisdorp af, maar op 'n manier voel dit alles so bekend: die sluitkassies, die oorweldigende reuk van skoonmaakmiddels en nuwe klere, die verwarrende uitleg, die kinders wat hulle klas toe haas, die paartjie in die hoek wat skelm vry. Ek stap in die gange af en my gedagtes gaan ver terug. Die klok bring my terug na die hier en nou, en ek het geen idee waar kamer 2070 is nie.

Ek strompel uiteindelik in die klaskamer in, en twintig paar oë kyk na my. 'n Paar van hulle lyk verward; ek is duidelik nie hulle onderwyser nie. Ek vertel hulle dat ek vir vandag hulle aflos-onderwyser is. Nog 'n paar verwarde kyke, en dan vra een dapper meisie in die agterste ry: "Hoe oud is jy?"

"Drie-en-twintig," sê ek en kyk af na my instruksies. Hulle skryf vandag 'n toets.

"Jy lyk agtien," sê een van die meisies voor in die klas.

Ek kyk op en sien die bekende toneel. Dit is dalk ses jaar sedert ek op hoërskool was, maar nie veel het verander nie. Daar is steeds die eenkantkind agter wat heeltemal in swart geklee is en probeer om met die donker saam te smelt; die lang seun wat probeer gevaarlik lyk wat wil hê ek moet weet ek het geen gesag nie; die rasieler wat glimlag al gebeur daar niks nie; die kwaai meisie wat waarskynlik met die gevaarlike seun in die derde ry uitgaan; die sportmanne wat hulle hare na een kant toe swiep en desperaat probeer lyk of hulle nie omgee nie; en die res: die kinders wat gemiddeld is en nie in enige kategorie val nie. Ek weet hulle sal nie hulle toets begin skryf tot ek deur die normale ritueel van vrae is nie, en dus laat ek hulle vra.

Nee, ek het nie hier skoolgegaan nie, en ja, ek is oud genoeg om onderwys te gee. Ja, ek is baie lank, en nee, jy mag nie langs my kom staan om te kyk of jy langer is nie. Nee, ek het nie basketbal gespeel nie, en ja, ek is getroud. Teen hierdie tyd kan ek hulle gewoonlik op hul taak laat fokus, maar die dapper meisie in die agterste ry sê iets wat ek nie verwag nie.

“Vertel ons die storie van jou lewe.”

Ek kyk op. Twintig paar oë kyk terug. Slegs vyf-en-veertig minute van die klas oor. Ek wens ek kon hulle my lewensverhaal vertel.

Ek sal vir die gewilde meisies sê om gaaf te wees, want hulle sal later in hul lewens agterkom die lewe gaan regtig nie oor hulle nie. Ek sal vir die mooi meisies sê hulle skoonheid is nie al wat hulle het nie. Ek sal vir die jongmense in swart sê dit is net 'n fase en die regte wêreld is nie so erg nie. Ek sal vir die rowwe meisies sê dat dit deel is van die lewe om seer te kry. Ek sal vir die mooi seun met die

kuif sê dat daar 'n miljoen van sy soort gaan wees waar hy ook al volgende sal gaan, en dat die enigste ding wat hom sal laat uitstaan sy karakter is. Ek sal vir die meisies wat so desperaat probeer om in te pas, sê dat dit eendag nie so moeilik gaan wees nie. Ek sal vir die klomp tussenin sê dat hulle eendag hulle plek in hierdie wêreld sal vind. Maar ek sal die heel graagste vir hulle sê daar is 'n Jesus wat hulle liefhet, 'n Jesus wat weet waardeur hulle gaan en wat 'n verhouding met hulle wil hê wat meer is as wat hulle hulle ooit kan indink. Daar is so baie dinge wat ek vir hierdie klas wil sê, maar eers moet hulle hul toets skryf.

X O X O

Watter een was ek? Goeie vraag. Nadat ek *Mean Girls* saam met my ouers gekyk het toe ek sestien was, het my pa na my toe gedraai en gevra: "Watter een is jy?" Ek was Lindsay Lohan se karakter: 'n Bietjie deurmekaar, maar mal oor die idee om bo-aan die voedselketting van gewildheid te wees. Ek het as niemand begin, maar as gevolg van 'n laat ontploffing van puberteit en my vermoë om vodka-sopies af te sluk, het ek my pad boontoe gevind, en langs die pad al die klassieke foute gemaak.

Ek was soos baie tieners. Ek het my ouers gehaat. Ek het alkohol gedrink. Ek het dagga gerook en af en toe 'n sigaret, ek het seks gehad, my hart is gebreek, ek het met depressie geworstel en op die ou end wou ek daar uitkom. Ek het 'n klassieke hoërskoolstorie, maar met een groot kinkel by die klimaks. Dis hoe dit begin het:

Voor die alkohol, die verhoudings, die rebellie en die pyne van tiener-wees, was ek net 'n klein dogtertjie met twee

ouers waaroor ek dol was, en drie broers wat ek verafgod het. Daar was 'n tyd voor puberteit toe ek dit geniet het om by my gesin te wees. 'n Tyd toe ek nog gelag het as my broers sing. 'n Tyd toe ons seeskilpaaie by Hilton Head gevang het. 'n Tyd voor ek my vir my pa geskaam het en ons nog Vrydagaande saam speletjies gespeel het. Ons was almal beste maats in die tyd voor die lewe my beetgekry het en ek te cool geraak het.

My pa het hierdie tyd toe ek te cool was die blou-oogskadu-fase genoem, want ek het 'n dik laag blou oogskadu tot by my wenkbroue gedra, en ek het gedink dit lyk goed. (As jy in hierdie fase is, doen ons almal 'n guns en gooi die blou oogskadu weg. Dit lyk nie goed nie.) Dit wil voorkom of ek al hoe gemener geraak het hoe meer oogskadu ek gedra het, en my ouers was aan die ontvangkant van my haat. Ek het begin drink, want ek het gedink ek verdien die vryheid om te drink. Dit was my ouers se skuld dat my lewe so swaar was, en as hulle my net laat doen het wat elke tiener doen, sou ons nie enige probleme gehad het nie. As hulle my net toegelaat het om heelnag uit te bly en te drink, al was ek minderjarig, sou alles reg gewees het.

Toe ek sestien was, het ek deur 'n fase gegaan waar ek geweier het om vir hulle te sê ek is lief vir hulle. Ek het gedink ek kon bewys hoe min ek hulle nodig het as ek net my liefde weerhou. Ek sou kamer toe storm, kwaad oor iets wat ek nie gehad het nie en desperaat nodig gehad het, maar hulle sou net glimlag en sê: "Ons is lief vir jou." Die klein dogtertjie in my wou dit vir hulle ook sê, wel wetende dat ek hulle in hierdie tyd in my lewe nodiger gehad het as ooit tevore, maar ek het haar nie toegelaat nie.

Al hierdie ontkenning, haat en behoefte is vererger deur

die feit dat my ma siek was. Haar eerste “episode”, soos ons dit begin noem het, was toe ek vier was. Sy het ’n koors en kouekoors ontwikkel en skaars uit die bed opgestaan. Ons het haar hospitaal toe geneem en ek onthou dat my pa Happy Meals gekoop het en ons in die park daar naby laat speel het. Die dokters het gesê sy is gedehidreer en het haar vloeistowwe gegee. Maar dit was nie dehidrasie nie. Die episodes het weer en weer teruggekeer en het die res van my kinderjare voortgeduur. Die dokters het dikwels gedink hulle weet wat fout is, maar dan sou sy maar net weer ’n episode kry.

Die enigste tyd wanneer ek en my ma oor die weg gekom het, was wanneer sy siek was. Dis wanneer ek haar versorger geword het. Ek het vir haar yspakke gebring wanneer haar hoofpyn ondraaglik was, gemmerlimonade wanneer sy iets wou hê om haar maag te laat kalmeer. Ek het die wasgoed opgevou wanneer sy te swak was om dit te doen. Dit was die enigste tyd dat ek die lewe vir haar makliker maak het. Soms, wanneer sy regtig siek was, sou ons op die bed sit en TV kyk en net die rus en vrede geniet. Op ’n manier het haar siekte genesende oomblikke in ons verhouding gebring, maar dit was ook swaar. Toe ek tien was, het ek die kruidenierswinkel soos die palm van my hand geken. Ek kon aandete kook en ek het dikwels. Wanneer my ma siek was, was daar geen definitiewe planne nie, en ek het gewoon geraak aan winkeluitstappies wat gekanselleer word, aktiwiteite wat uitgeskuif word, en die lewe wat vir ’n tydjie gaan stilstaan. Dit was niemand se skuld nie, maar as jy ’n kind is, verstaan jy dit nie, en ek het aangepas by haar chroniese siekte soos alle kinders by verandering aanpas – deur te skop en te skree.

Die feit dat ek my ma se versorger was en gewoon was daaraan om my behoeftes tydelik op te skort, is waarskynlik die rede waarom ek baie onafhanklik geword het. En dis deels waarom ek al my kêrels op een of ander manier verkul het totdat ek agtien was. Ek moes bewys dat ek hulle nie nodig het nie, dat ek sterker as hulle was. Ek moes aan myself bewys dat ek mooi was en dat dit die moeite werd was om my te wil hê, en ek moes aan ander bewys dat niks my van stryk kan bring nie. Ek het nie omgee wie in die as bly lê nie, net solank ek heel anderkant uitgekom het. Natuurlik was dit net 'n dop – 'n manier om weg te steek hoe onseker ek was en hoe baie ek regtig liefgehê wou word.

Toe ek vyftien was, het my niggie vir my 'n hangertjie gegee met die woorde "Rebel" daarop – baie stylvol. Ek het dit met trots gedra, en gehoop dit sou die rowwe buitekant wat ek voorgehou het, bevestig. Ek wou hê almal moes weet ek het niemand nodig nie. Maar dit was eintlik een groot leuen. Ek het liefde nodig gehad, ek het aandag nodig gehad, ek het 'n plek nodig gehad waar ek hoort, en ek het veral nodig gehad om te weet wie ek is.

Ek het dus geskep wie ek was – ek het myself die persoon gemaak wat ek altyd gehoop het ek kan wees. Ek het die reëls gehoorsaam wat ek vir myself gemaak het, streng sosiale riglyne wat sou verseker dat ek altyd cool sou lyk. As 'n teken van my ware krag het ek opgetree asof niks my pla nie. Trouens, ek het al die pyn wat saam met tiener-wees gaan, weggesteek. Ek het die pyn weggesteek van hoe ek my ouers teleurstel en my vriende verloor, die pyn van verwerping en die pyn van skuld. Van buite af het dit gelyk of ek gelukkig en gesond is en die lewe geniet, maar diep binne het ek gebid niemand sal uitvind dis alles vals nie.

My begeerte om deel van die gewilde groep te wees, het elke besluit wat ek in hierdie stadium van my lewe gemaak het, gedryf. Ek was bang en onseker oor wie ek was, en ek wou aan 'n groep behoort wat gelyk het of hulle presies weet wie hulle is. Daar was geen grense wat ek nie sou uit-toets nie. Ek sou wees wie enigiemand my ook al sou vra om te wees, want dis wat jy gedoen het as jy gewild was. Ek het dagga gerook, want om cool te wees, moes jy dit ten minste probeer. Ek het met ouens gevry, want dis wat die ander meisies gedoen het. Ek het nie geweet wie ék is nie; ek het net geweet soos wie ek wil wees.

Ek was vyftien toe ek die eerste keer in die moeilikheid beland het oor drank. My ouers was uitstedig en ek het saam met van my ouer broer se vriende en my beste vriendin na 'n partytjie toe gegaan. Ek het vir my grootouers gesê ek gaan na 'n vriendin se huis toe. Toe ek instap, het almal in ongelooft en vreugde na my gestaar, en hulle het onmiddellik vir my drankies aangebied. Van my broer se vriende het begin stary oor wie vir my drankies kon gee. Niemand kon glo dat ek, 'n lid van die Stanfill-gesin, wou dronk word nie, en hulle het in afwagting toegekyk terwyl ek die een drankie na die ander gedrink het. Voor ek my kom kry, was ek smoordronk en besig om met my beste vriendin te vry – op aandrang van die ouer seuns. Ek onthou dit nie, maar foto's jok regtig nie. Aan die einde van die aand het ek ook met een van my ouer broer se vriende gevry, al het ek 'n kêrel gehad, en ek het met my kop oor die toilet in 'n vreemdeling se arms gehang. My destydse kêrel het uitgevind en was woedend. Hy het my probeer bel, maar ek het nie my foon geantwoord nie. Almal was paniekerig en het probeer vasstel of ek hospitaal toe moet gaan of nie, maar ek wou nie hê hulle moes

my neem nie, want ek het geweet dan is ek in die moeilikheid. Die aand het geëindig toe ek huis toe gestrompel het en met die vransk smaak van opgooi op my asem in my bed geval het.

Maandag het die hele skool gepraat oor hoe 'n groot gek ek van myself gemaak het. Ek was in 'n toestand. My kêrel het my gelos, en toe my ouers by die huis kom, het hulle vier oproepe gekry van "bekommerde ouers" wat hulle vertel het wat gebeur het. My ouers het my gekonfronteer, en ek sal nooit vergeet dat my pa my gevra het waarom ek met my beste vriendin gevry het nie. Hoe kon ek hom laat verstaan ek sou enigiets vir die gewilde groep doen, selfs al het dit beteken ek moet myself verneder?

My ouers het my vir drie maande gehok. My eerste jaar op hoërskool het op dié manier voortgegaan: ek is gehok, gevolg deur vryheid, gevolg deur dronk nagte, gevolg deur 'n vertrouensbreuk en nog 'n tyd wat ek gehok is. Dit was 'n eindelose siklus waaruit ek nie kon ontsnap nie. My ouers het elke onderhandelingsinstrument in die boek gebruik, maar ek het geweier om alkohol prys te gee. Een vakansie in die lente het my ma my selfs toegelaat om 'n gaatjie in my naeltjie te laat skiet omdat ek vir haar gesê het ek sal ophou drink as sy my toelaat om dit te doen. Ek het gejok. Ek het nie gedink ek kan cool wees sonder alkohol nie, en ek kon nie oorleef as ek nie cool was nie. My redes waarom ek gedrink het, was almal flou, maar ek het myself op een of ander manier bly oortuig dat hulle geldig is. Selfverkenning was my gunsteling verskoning, al weet ek nie hoeveel jy van jouself kan uitvind terwyl jy met jou kop oor die toilet hang nie.

Ek is 'n alles-of-niks-persoon, wat verklaar waarom ek gevoel het ek moet alles probeer voor my sestiende verjaar-

dag. Ek was in my beste vriendin se kelder toe ek die eerste keer dagga gerook het. (Eerste les van die storie: Ouers, sorg dat julle nie 'n huis het met 'n kelder nie.) Ons was een Vrydagaand verveeld, en my vriendin het 'n ouer broer gehad wat dit vir ons gegee het. Ons het dus gerook en 'n hele pak aartappelskyfies opgeëet. Dit was nie baie opwindend nie. Ek sou af en toe dagga rook tot ek agtien was, toe my hart gebreek is en ek uitgevind het dit is die enigste ding wat die pyn sou verlig terwyl ek by die skool was. Om te rook, was net nog 'n manier waarop ek kon wees wie ek wou wees.

Een uiters vervelige Vrydagaand het ek en my vriende besluit om dagga te rook in 'n kas in my ouers se garage-woonstel. Ons het almal gegiggel, en 'n *bong* omgestuur wat een van my vriende gekoop het. Ons het laggend uit die kas geval, net om te hoor hoe my ouers met die trap opkom. Ons het deodorant gespuit totdat dit soos gebrande hare geruik het en gehoop hulle sal niks agterkom nie. My ma het met die trap opgestap en die eerste ding wat sy gesê het, was: "Ek dink iets brand hierbo!" My vriende het byna van hulle stoele afgeval. Ek het vinnig gesê dit is die verwarmers wat nie lekker is nie, en hulle is terug huis toe. Toe hulle weg is, het ons in 'n giggelbui uitgebars. Die reuk het nooit uit ons garage-woonstel gekom nie. Tye soos hierdie laat dit alles skadeloos lyk, maar dit was nie. Hierdie geïsoleerde insidente was op daardie tydstip snaaks, maar dit het nooit oor die rokery of drinkery gegaan nie; dit het daarvoor gegaan dat ek weggehardloop het van wie ek veronderstel was om te wees. Wanneer ek gerook het of dronk was, het ek my gesin seergemaak, vriendskappe geruïneer en mense vir wie ek omgee het, verloor.

Die grootste deel van die vier jaar wat ek in hierdie boek beskryf, het ek deurgebring deur weg te hardloop van die verantwoordelikheid om die mens te wees wat ek veronderstel was om te wees. Ek het gewet ek behoort 'n wetsgehoorsame burger, 'n goeie dogter, 'n getroue vriend te wees. Maar al wat vir my saak gemaak het, was ek en hoe ek by die gewilde groep ingepas het. Ek het dus reguit gehardloop na wie dit goed gevoel het om te wees, en toe het ek aangehou hardloop. Ek het altyd gehardloop.

Die sigarette het saam met al die ander goed gegaan, net iets om te doen om die drinkery erger te maak. Die eerste keer toe ek een gerook het, het ek ure lank opgegooi. Dit moes my eerste leidraad gewees het om op te hou, maar natuurlik het ek deurgedruk, totdat die nikotien genoeg was om my te kalmeer ná 'n lang dag by die skool. Ek en my drie beste vriendinne het almal saam begin rook, totdat een meisie se ma vir die derde keer met longkanker gediagnoseer is, en ons almal gesê het ons gaan ophou rook. 'n Paar jaar later is dieselfde vriendin se ma dood as gevolg van die rookgewoonte wat ons so sorgeloos begin het.

Dit is dus dié dinge wat my gedefinieer het – die dinge wat ek gedoen het en die mense saam met wie ek was. Dit was eers alles so skadeloos; ek wou net inpas – en ek het, maar teen watter prys? Wat ek gewen het, was niks in vergelyking met wat ek verloor het nie. Ek het diamante vir hondekos verruil.